GRAIN SA
GRAAN SA

**Augustus 2011**

# PULA IMVULA

*Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsent*

# Basters of oop bestuifde kultivar saad – oorweeg die opsies



LEES BINNE:

**4** > **Organiseer behoorlik – dit is 'n noodsaaklike bestuurstaak**

**6** > **Fokus op die Khanyayo Studiegroep**

**7** > **Implementeer jou planne effektief**



5



8

**PRODUSENTE GEE 'N VERSKEIDENHEID REDES AAN WAAROM HULLE NIE BELÊ IN BASTERSAAD NIE, SOOS HOË SAADKOSTE, GEBREK AAN FINANSIES TYDENS PLANTTYD, NIE-BESKIKBAARHEID VAN BASTERSAAD, DIE BEHOEFTE OM KUNSMIS AAN TE KOOP, 'N KLEIN OF GEEN VERSKIL IN OPBRENGS, GEBREK AAN AANPASSING, SWAK BERGING EN SWAK VERWERKINGSKWALITEIT VAN KOMMERSIEEL BESKIKBARE BASTERS.**

Hierdie argumente het vrae laat ontstaan of basters 'n voordeel het bo oor bestuifde kultivars saad (OPV) vir produsente met swak hulpbronne waar bastersaad nie redelik beskikbaar is nie, insette nie baie gebruik word nie en misoeste algemeen is. Die vraag is watter tipe baster of OPV is die mees volhoubare vir die produsent om voedselsekuriteit te bewerkstellig en volgehoue inkomste te verseker.

Saad is 'n belangrike inset by alle gewasproduksie. Alle aktiwiteite is gemik daarop om die volle genetiese potensiaal van die saad wat geplant is, te ontgin. Geen landboupraktyke (byvoorbeeld grondbewerking, onkruidbeheer, kunsmis, pes -en siektebeheer) kan gewasopbrengs verhoog meer as wat die saadkwaliteit toelaat nie. Saad is dus die basis vir die sukses of mislukking van die gewas wat geplant word.

Om hoë opbrengste te behaal, moet 'n mens hoë gehalte saad plant. Om seker te kan wees van goeie gehalte saad, moet 'n mens gesertifiseerde saad koop en plant, hetsy dit 'n baster of OPV is. Gesertifiseerde saad is minstens 98% suiwer en het 'n ontkiemingspersentasie van minstens 90%. Die koste van gesertifiseerde saad word geneutraliseer deur die hoër opbrengspotensiaal.

Kleinskaal -en bestaansprodusente wat kontantprobleme het, plant dikwels mielies wat teruggehou is van die vorige oes. Indien hulle dit doen met bastersaad, het hulle dikwels 'n laer opbrengs (tot 50%) in vergelyking met mielies geproduseer van vars saad. Saad van oop bestuifde kultivars het egter nie oesverliese tot gevolg nie.

## Wat is 'n baster?

'n Baster is die produk (eerste generasie nageslag) van 'n kruising tussen twee onverwante (geneties verskillend) ouers, 'n aangewese vroulike een en die ander manlik. Selfbestuiwing is die proses van die neem van die stuifmeel van 'n enkele plant en dan dieselfde plant bestuif. Wanneer mielies self bestuif, word elke generasie swakker. Dit staan bekend as inteling en na opeenvolgende geslagte, lei dit tot verswakte plante wat genoem word ingeteelde lyne. Hierdie ingeteelde lyne is klein in grootte, het klein koppe en verlaagde



## Mme Jane sê...

Onlangse nuus het baie gehad oor wat die ANC-jeugliga oor grond sê (en banke en mynbou) en dit is baie interessant om te sien hoe verskillende mense dink oor die hele grondvraag.

Ek sien grond as 'n hulpbron wat vir ons voedsel en vesel moet produseer. Baie dinge op die aarde vermeerder elke jaar – mense, troeteldiere, motors, ensovoorts. Grond kan egter nie vermeerder nie – dit is beperk. Dink daaraan dat daar meer en meer mense is, met minder en minder produktiewe grond (ons moet onthou dat mense ruimte benodig vir hul huise – stede gebruik grond om te groei); ons moet seker maak dat elke stukkie grond optimaal produseer.

Ons het in Suid-Afrika vandag 'n komplekse situasie waar baie van die produktiewe landbougrond deur wit kommersiële produsente besit word. Nou is daar sprake dat van die hierdie grond sonder betaling weggeneem word en aan swart mense gegee gaan word. Aan die ander kant is daar baie grond onder kommunale eiendomsreg (onder die stamowerheid) en baie van hierdie grond is nie produktief nie. Daar is ook duisende hektaar landbougrond wat deur die programme van die Departement van Grondsake uitgedeel is. Gaan dit dan oor die kleur van die vel van die persoon? Volgens my mening, NEE – om 'n suksesvolle bestaansboer, 'n kleinboer of kommersiële produsent te wees, het niks te doen met die kleur van jou vel nie.

Ons weet om 'n suksesvolle produsent te wees, moet jy kennis en vaardighede, masjinerie, markte en finansiering vir produksie-insette hê. Om net grond aan iemand te gee maak hom nie 'n produsent nie – as jy in 'n garage staan, maak dit jou nie 'n kar nie! As jy grond besit, maak dit jou nie 'n produsent nie. As jy 'n produsent genoem wil word, moet jy jou grond optimaal gebruik – soveel as wat jy kan op jou grond produseer.

Ek stel voor dat ons ons bes doen om mense al die ondersteuning te gee wat hulle nodig het op die grond wat hulle reeds het, sodat elke stuk grond vir ons nasie kan produseer. Wanneer al hierdie grond goed produseer, kan 'n mens oor ander kwessies wonder. Grond is kosbaar en as jy toegang tot grond het, het jy 'n verantwoordelikheid om dit te gebruik. Laat ons as produsente in volle produksie kom en ons nie bemoei met die uitlatings van politici wat net voordeel vir hulleself wil trek nie.

# Basters of oop bestuifde kultivar saad – oorweeg die opsies

opbrengs. Maar wanneer twee ingeteelde lyne gekruis is, is die volgende geslag weer meer kragtig en die opbrengs neem baie toe. Dit staan bekend as basterkrag. Dit word verkry as gevolg van die interaksie tussen die stelle gene verkry uit twee verskillende ingeteelde lyne.

***Bastermielies het die volgende eienskappe:***

1. Dit het 'n eenvormige voorkoms;
2. Dit het krag;
3. Dit het 'n hoë opbrengs;
4. Dit is geselekteer vir beter graankwaliteit; en
5. 'n Spesifieke baster kan geselekteer word vir 'n spesifieke plaag-en siekteweerstand of droogteverdraagsaamheid.

***Voordele om bastermielies te plant:***

1. Basters het oor die algemeen hoër opbrengste as oop bestuifde kultivars.
2. Basters is eenvormig in kleur, ouderdom en ander eienskappe van die plant wat die produsent in staat stel om sekere aktiwiteite (byvoorbeeld bemesting, bespuiting en oes) op dieselfde tyd uit te voer.
3. Die eenvormigheid van die graan geoes kan ook bemarkingsvoordele hê wanneer dit verkoop aan kopers met gehalte standaarde.
4. Basters lewer gemiddeld 18% hoër opbrengs as OPV.

***Nadele van bastermielies:***

1. Saad is duur.
2. Die produsent moet meer as twee ton per hektaar opbrengs behaal om die hoër koste van saad te regverdig.
3. Nuwe saad moet elke plantseisoen aangekoop word.
4. Die graan geproduseer van bastersaad kan nie gebruik word as saad vir die volgende aanplantingseisoen nie.
5. Die produsent mag dalk nie betyds saad bekom nie.
6. Basters is meer vatbaar vir strestoestande (byvoorbeeld pluimvorming).
7. Onder swak bestuur en moeilike omgewingstoestande, verminder die opbrengsvoordeel van basters teenoor OPV.

## Wat is 'n oopbestuifde kultivar (OPV)?

By OPV kultivars word saad geproduseer deur kruisbestuiwing (daar is geen bestuiwingsbeheer nie). Die bestuiwing van plante word nie beheer nie, wat beteken dat die gewas nie eenvormig sal wees nie, die plant sal byvoorbeeld wissel in hoogte, die kleur sal verskil, die koppe sal nie dieselfde grootte en vorm hê nie en die plante sal op verskillende tye volwasse wees.

***Voordele van OPV:***

1. Lae of geen saadkoste. Die produsent kan 'n deel van die oes hou vir saad.
2. Die koste van saad is baie minder as by bastersaad.
3. Meer geld kan aangewend word vir die aankoop van kunsmis of plaagdoder.
4. Saad kan herwin word. Graan van hierdie seisoen kan volgende seisoen geplant word.
5. Lae potensiaal gebiede regverdig nie die hoë koste van bastersaad nie.
6. OPV het 'n breë genetiese basis en verskillende blomdatums. Dit lei tot 'n langer blomtydperk, wat bestuiwing tydens kort periodes van hoë stres (byvoorbeeld vogstremming, temperatuur, ensovoorts) sal laat plaasvind. Hierdie variasie kan soms meer stabiele opbrengste bied as meer eenvormige basters.
7. Dit is belangrik om elke drie jaar gesertifiseerde saad aan te koop om genetiese suiwerheid te handhaaf.

***Nadele van OPV:***

1. Die opbrengspotensiaal is 10 - 25% minder.
2. In hoë potensiaal gebiede sal OPV se winsgrens afneem.
3. Hulle sal nie eenvormig in kleur, ouderdom en ander planteienskappe wees nie.
4. Kan 'n impak hê op die prys van die graan, dit wil sê gehalte.
5. Gebrek aan eenvormigheid kan lei tot probleme in die uitvoering van sekere aktiwiteite, soos bespuiting en oes (veral wanneer jy stroop).
6. Om 'n OPV suiwer te hou, moet dit ten minste 300 m van ander variëteite af geplant word.
7. Swak kwaliteit saad (saad wat gehou word vir die volgende jaar word gewoonlik gestoor onder swak toestande en is blootgestel aan hoë temperature, plae en siektes) kan lei tot swak ontkieming en swak plante wat nie goed kan kompeteer met onkruid nie.
8. As 'n reël is OPV nie geneties gemodifiseer vir weerstand teen insek of onkruiddoders nie.

## Oes van oopbestuifde saad

1. Eerstens, plant OPV aan wat vir jou area aanbeveel is.
2. Bestuur jou grond goed, pas bewaringsboerdery toe, gebruik kunsmis, mis of albei. Beheer onkruid en plae.
3. Plant jou gewas ten minste 100 m weg van die ander mielielande, of plant jou mielies drie weke vroeër of later, sodat pluimvorming op 'n ander tyd as nabygeleë gewasse plaasvind. Op hierdie manier

sal jy verseker dat onnodige besoedeling van stuifmeel nie plaasvind nie.

4. Oes vanaf die middel van die land om stuifmeelkontaminasie te verminder.
5. Voordat pluimvorming plaasvind, inspekteer jou lande en verwyder enige plante wat baie verskillend lyk van die ander (dit wil sê baie lank of baie kort of siek lyk).
6. Kies die beste koppe van die mooiste plante tydens oes. Kies koppe wat eenders lyk, vry van siekte is en die gewenste graankwaliteit het.
7. Oes ten minste 300 koppe.
8. Die koppe moet uitgedop, gedroog en gestoor word onder goeie toestande ('n droë en beskermde donker area).
9. Maak seker dat die saad droog is (die lewe van die saad verdubbel vir elke 1% afname onder 13% voginhoud). Om te toets of jou saad ongeveer 13% voginhoud het, neem 100 sade en meng met 1 g sout en los in 'n verseëlde bottel. As die sout na 5 minute klam voel, moet die koppe moet langer gedroog word.
10. Saad hou langer in koue toestande (nie vries nie). Die lewe van saad verdubbel wanneer die stoortemperatuur verlaag word na 5°C.
11. Kalanders, swamme en bakterieë verkort die lewe van saad. Om dit te verminder, hou die saad so droog as moontlik.
12. Hou jou saad in droë, skoon, lugdigte houers met etikette (volgende jaar sal jy nie onthou wat dit was nie).

## Materiale wat die groei van plae keer

***Droë as***

Dit absorbeer vog binne-in die houer en verhoed die groei en toename van kalanders. Voeg 0,5 kg as vir een kilogram saad by.

***Kalk***

Dit kan gebruik word op dieselfde manier as droë as. Meng 15 teelepels (50 g), vir elke een kilogram saad.

***Kookolie***

Meng kookolie saam met jou saad om toename van kalanders te voorkom. Gebruik een teelepel van die olie vir 'n kilogram saad.

***Gedroogde en verpoeierde gegeurde blare van verskillende plante***

Kalanders is sensitief vir sterk reuke van plante. Gebruik brandrissie (meng vyf teelepels rissiepoeier vir een kilogram saad).

***Alwyn***

Droog en vergruis die blare en meng vyf teelepels vir elke een kilogram saad.

## Voordele van bastersaad en oop bestuifde saad


| | Hibriede | OPV |
|---|---|---|
| Toegang tot genetiese voordeel. | Hoog. | Medium. |
| Voordeel trek uit saadbehandeling en gehaltebeheer. | Hoog. | Slegs wanneer aangekoop as gesertifiseerde saad. |
| Teenwoordigheid van 'n lewensvatbare saadverskaffer wat toegang bied tot nuwe genetiese materiaal. | Waarskynlik. | Twyfelagtig. |
| Onafhanklikheid van die boeregemeenskap. | Laag. | Hoog. |

'n Baie goeie baster kan 'n swak OPV met meer as 70% oortref. 'n Goeie OPV kan egter dieselfde of selfs beter vaar as 'n swak baster. Die effek van die aanplant van 'n tweede generasie (geoes) saad is weglaatbaar by 'n OPV, maar is groot by 'n baster (tot 50% verlies). Elite basters produseer 18% meer graan as elite OPV's. Herwonne saad produseer 32% minder graan as nuwe bastersaad. Herwonne OPV saad produseer 5% minder graan as vars OPV saad.

Indien gesertifiseerde saad aangekoop word, sal die koste van saad hoër wees as wanneer vars OPV saad aangekoop of herwin is. Die rangorde vir graanopbrengs op enige gegewe vlak van bestuur sal wees:

1. Basters;
2. OPV;
3. Herwonne OPV, en
4. Herwonne baster.

*Figure 1: Gemiddelde graanopbrengs behaal gedurende die 2008 en 2009 seisoene.*




Die aankoop van bastersaad elke jaar, word beskou as die mees winsgewende opsie indien bestuursvlakke twee ton per hektaar of hoër is. Indien bestuursvlakke verhoog, word die herwinning van saad minder winsgewend. Daar is baie min voordeel vir die produsent in die oorskakeling van OPV saad na bastersaad sonder die gebruik van kunsmis en indien daar geen verandering in bestuur is nie. Indien die produsent bastersaad koop teen hoër koste, moet sy vlak van bestuur dienooreenkomstig verhoog.



*Kruisbestuifdemielies.*

# Organiseer behoorlik
# – dit is 'n noodsaaklike bestuurstaak

**OM JOU PLANNE VIR TOEKOMSAKTIWITEITE UIT TE VOER EN OM JOU DOELWITTE VIR JOU BESIGHEID TE BEREIK, IS DIT NOODSAAKLIK OM BEHOORLIK EN BETYDS TE ORGANISEER.**

Met die Junie 2011 Pula/Imvula in die artikel, 'n halwe plan is beter as geen plan, is beplanning as 'n bestuurstaak bespreek. Die tweede bestuurstaak wat ons wil bespreek, is organisasie. Organisasie impliseer dat jy stelselmatig moet voorberei om jou planne vir toekomstige aktiwiteite uit te voer. In die praktyk geskied beplanning en organisasie egter dikwels tegelyk. Prakties gesien, behels organisering wie wat gaan doen, wanneer en waar en hoe en te besluit watter ander bronne soos masjinerie, toerusting, gereedskap, werktuie, strukture en ook fondse gebruik sal word om die planne te implementeer.

Om dus goed te kan organiseer, is dit van die uiterste belang dat 'n produsent sy hulpbronne sal ken -fisies en menslik. Sover dit sy werknemers betref, moet die produsent hulle vaardighede, opvoeding, opleiding, vermoëns (fisies, tegnies en emosioneel), ondervinding en sterk -en swakpunte ken. Werknemers moet gebruik word waar hulle die beste kan presteer en indien moontlik, moet hulle doen wat hulle geniet om te doen. Dit is ook noodsaaklik om betyds voor te berei en te verseker dat die nodige vervoer, toerusting, implemente, produksie-insette en fondse beskikbaar sal wees op die regte tyd en plek.

Om te organiseer moet 'n mens al die beplande aktiwiteite in ag neem en kyk na die toekenning van hulpbronne om in 'n posisie te wees om die planne soos besluit, uit te voer.

In terme van praktiese organisering, kan 'n mens beplanning en organisering kombineer, soos geïllustreer in **tabel 1**. Hierdie voorbeeld is 'n voortsetting van die voorbeeld wat gebruik word in die vorige artikel met betrekking tot beplanning.

***Tabel 1: Beplanning en organisering: Week 9 - 13 Mei 2011***

| **Maandag 9 Mei** | **Beplande aktiwiteite** | **Werknemers betrokke** | **Ander hulpbronne** |
|---|---|---|---|
| **Mielies** | • Inspekteer land vyf. | • Jan. | • Motorfiets (vervoer).<br>• Notaboek. |
| **Sonneblom** | • Oes land drie – 10 hektaar. | • Piet (drywer).<br>• Padiso, Vosloo en twee tydelike werkers. | • Stroper.<br>• Twee trekkers en waens. |
| **Vee** | • Neem vee waar.<br>• Gaan lekke en krippe na.<br>• Speen, merk, doseer en weeg 100 kalwers. | • Klasie.<br>• Klasie.<br>• Moloto, Abram, Kagiso en Hendrik. | • Perd, notaboek.<br>• Perd, notaboek.<br>• Veehanteringsfasiliteite, brandmerktoerusting, middels en doseringsgereedskap, skaal, notaboek. |
| **Braaikuikens** | • Berei hok drie voor (verwyder ou strooi (beddegoed)).<br>• Daaglikse aktiwiteite. Hokke een en twee. | • Johanna, Minah en Johannes.<br>• Sarah, Monica en Dawid. | • Grawe, sakke en 'n sleepwa.<br>• Los handgereedskap. |
| **Algemene Werk** | • Verf werkswinkel. | • Privaatkontrakteur | • Eie gereedskap, ensovoorts. |

Vir die doeleindes van die voorbeeld word aanvaar dat alle werknemers behoorlik opgelei en vaardig is. Verder is alle ander bronne beskikbaar en gereed vir gebruik. As dit nie die geval is nie, moet jou planne en organisering uitgebrei word om die opleiding van personeel in te sluit, die voorbereiding van ander hulpbronne moet beskikbaar wees en gereed wees wanneer die werklike taak, soos plant of inenting van vee, aandag moet geniet.

Dit is net 'n voorbeeld van 'n metode wat gebruik word om te organiseer en kan maklik aangepas word om jou individuele omstandighede en voorkeure te pas. Praktiese ondervinding het getoon dat dit van groot waarde is om te beplan en te organiseer deur dit neer te skryf. Soos met beplanning, kan organisering gedoen word in 'n dagboek, of enige ander geskrewe vorm, op 'n bord, elektronies of enige ander geskikte wyse.




Net soos met beplanning, moet die bestuurder hom tydens die proses van organisering verbind tot sy ander bestuursaktiwiteite, naamlik leierskap, kommunikasie, motivering, delegering, koördinering, besluitneming en die handhawing van dissipline. Die mate van betrokkenheid by hierdie aktiwiteite sal hoofsaaklik bepaal word deur die grootte van die besigheid.

Die produsent moet die inisiatief neem met organisering, dit met sy werknemers kommunikeer en besluite neem rakende die organisasie (watter trekker gebruik moet word of watter implement of watter werknemers). Hy moet ook dissipline handhaaf en organisasie koördineer in verskillende afdelings van die besigheid. Hy moet ook in staat wees om take te delegeer indien nodig; die produsent kan nie alles self doen nie.

Onthou dat indien een van die bestuurstake nie behoorlik uitgevoer word nie, jou besigheid nog steeds 'n wins kan maak, maar vroeër of later – na vyf of tien jaar of langer – sal jou besigheid tot stilstand kom. En dit is ook die uitdaging vir die toekoms – as jou bestuur nie elke jaar verbeter nie – sal jou besigheid uiteindelik tot stilstand kom, omdat daar nie wins gemaak is nie. 'n Mens kan nie dinge op dieselfde manier elke jaar doen nie. Jy moet verbeter deur jou inkomste te verhoog en/of beheer van jou uitgawes. Behoorlike organisasie is 'n belangrike instrument om bogenoemde te bereik.

**INLIGTING SAAMGESTEL VANUIT DIE BOERDERYBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING**

3

# Basters of oop bestuifde kultivar saad – oorweeg die opsies

Mielieprodusente verbou mielies en kan die waarde van hul mielies kwantifiseer as 'n kontantgewas. Tog weet ons dat huishoudelike voedselsekuriteit, risikovermyding, voorkeure en tradisie ‘n rol speel by die produsent se besluit oor plantmateriaal, sowel as gewas bestuurspraktyke. Terselfdertyd is huishoudelike saadsekuriteit 'n belangrike oorweging vir herwinning van graan as saad, veral in afgeleë gebiede wat nie gediens word deur saadverskaffers nie. Toegang tot graanmarkte met billike pryse, is 'n belangrike oorweging vir produsente wat arm is aan hulpbronne wanneer ‘n besluit geneem word watter saad om te koop. Daar is baie sosiale en kulturele faktore betrokke by die “baster teenoor OPV” kwessie.

OPV's kan 'n waardevolle opsie vir mielieprodusente word onder sekere omstandighede, maar die gebruik van OPV saad sal 'n stap agteruit vir graanopbrengs word. Oor die algemeen sal 'n baster 18% meer graan as die meeste van die beter OPV saad produseer.

## Faktore wat oorweeg moet word wanneer daar op verskillende tipes besluit word

- Toegang tot voordeel uit navorsing in die genetiese verbetering van nuwe variëteite.
- Toegang tot voordeel van saadbehandeling en saadgehalte.
- Die teenwoordigheid van 'n lewensvatbare saadverskaffer.
- Oorlewingstrategieë van arm gemeenskappe met min hulpbronne.
- Ekonomiese analise van die opbrengs op die belegging.

## Faktore wat oorweeg moet word wanneer kultivars gekies word

- Opbrengsbetroubaarheid.
- Droogteverdraagsaamheid.
- Siekteverdraagsaamheid.
- Staanvermoë.
- Insekverdraagsaamheid (BT).
- Lengte van die seisoen.
- Tyd tot volwassenheid.
- Droogkoers.
- Suurverdraagsaamheid.
- Chemiese weerstand (Round-up Ready-mielies).

**IAN HOUSEHAM, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



# Fokus op die Khanyayo Studiegroep

### Naam van studiegroep
Khanyayo studiegroep.

### Waar is die studiegroep geleë?
Die studiegroep is geleë in 'n landelike gebied met min of geen infrastruktuur, ongeveer 60 km van Bizana in die Noord Oos-Kaap.

### Lidmaatskap van die groep
Die studiegroep bestaan uit 100 lede.

### Bewerkbare grond beskikbaar vir produksie
100 hektaar bewerkbare grond is beskikbaar vir produksie.

### Totale hektaar aangeplant gedurende die 2010/2011 seisoen
40 hektaar.

### Redes hoekom nie al die bewerkbare grond aangeplant is nie?
1. Tekort aan finansiering.
2. Tekort aan insette.
3. Tekort aan toerusting.
4. Tekort aan lyndrade.
5. Klimaat – aan die begin van die 2010 plantseisoen was reën laat en dus was die lande te nat om te plant.
6. Afstand van die verskaffers om insette te verkry, byvoorbeeld kunsmis, saad en chemikalieë.

### Hoe gereeld ontmoet die studiegroep?
Die studiegroep vergader met Graan SA op 'n maandelikse basis en hulle kom weekliks bymekaar om boerdery te bespreek.

### Wat is die voordele om lid te wees van die studiegroep?
Die voordele van 'n lid van die studiegroep is die oordrag van kennis, studiegroepbesprekings, korrekte landboukundige praktyke van grondontledings, plant, onkruiddoder toediening en besigtiging van proewe. Die Khanyayo studiegroep was gelukkig genoeg om die Inleiding tot Mielies-kursus by te woon.

### Is daar enige interaksie tussen die studiegroep en die kommersiële landbousektor?
Daar is nog geen kommersiële produsente in die omgewing nie!

### Hoe het die studiegroep voordeel getrek uit Graan SA?
1. Deur middel van die studiegroepvergaderings het hulle kennis opgedoen deur die bespreking van die voor -en nadele van die korrekte plantpraktyke.
2. Demonstrasieproewe het 'n impak gehad op die voordele van chemiese en kunsmis toediening.
3. As gevolg van die vorming van 'n studiegroep, hulle het 'n koopgroep binne die studiegroep gevorm om chemikalieë en kunsmis aan te koop.

**IAN HOUSEHAM, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



# Implementeer jou planne effektief

**Sodra planne vir toekomstige aktiwiteite afgehandel is en die menslike en fisiese hulpbronne georganiseer is, moet implementering van die planne volgens vereiste standaarde verseker word.**

Die implementering van beplande aksies en take is gerig op die bereiking van doelwitte vir die besigheid. Dit sou dus dwaas wees om deeglik te beplan en te organiseer en dan die implementering te verwaarloos. Aan die ander kant kan die sukses van implementering in die wiele gery word deur swak beplanning en/of organisasie. Kom ons gee aandag aan implementering, wat die derde bestuurstaak is.

Prakties gesien en met verwysing na die vorige artikels oor beplanning (Junie Pula/Imvula) en organisasie (bladsy 4), kom die dag wanneer beplanning en organisasie geïmplementeer word, byvoorbeeld 9 Mei 2011. Byvoorbeeld:

***Beplanning en organisasie: Week 9 - 13 Mei 2011***

| Maandag 9 Mei | Beplande aktiwiteite | Werknemers betrokke | Ander hulpbronne | Implementering |
|---|---|---|---|---|
| **Mielies** | • Inspekteer land vyf. | • Jan. | • Motorfiets (vervoer).<br>• Notaboek. | • Voltooi, geen siekte opgemerk. |
| **Sonneblom** | • Oes land drie, 10 hektaar. | • Piet (drywer).<br>• Padiso, Vosloo en twee tydelike werkers. | • Stroper.<br>• Twee trekkers en waens. | • Voltooi, 9 hektaar. |
| **Vee** | • Neem vee waar.<br>• Gaan lekke en krippe na.<br>• Speen, merk, doseer en weeg 100 kalwers. | • Klasie.<br>• Klasie.<br>• Moloto, Abram, Kagiso en Hendrik. | • Perd, notaboek.<br>• Perd, notaboek.<br>• Veehanterings-fasiliteite, brandmerktoerusting, middels en doseringsgereedskap, skaal, notaboek. | • Vee in orde.<br>• Kripvoeding in kamp drie aangevul.<br>• 100 kalwers en aktiwiteite voltooi. |
| **Braai-kuikens** | • Berei hok drie voor (verwyder ou strooi (bedde-goed)).<br>• Daaglikse aktiwiteite. Hokke een en twee. | • Johanna, Minah en Johannes.<br>• Sarah, Monica en Dawid. | • Grawe, sakke en 'n sleepwa.<br>• Los handgereedskap. | • Hok voorberei.<br>• Daaglikse aktiwiteit gedoen. |
| **Algemene Werk** | • Verf werkswinkel. | • Privaat kontrakteur. | • Eie gereedskap, ensovoorts. | • Werk vorder goed. |

Implementering is spesifiek uitgevoer deur die Departement vir Menslike Hulpbronne of die werknemers van die onderneming en hulle moet dus gemotiveer word om die werk effektief te doen. Om die implementering suksesvol uit te voer, word dit al hoe meer van 'n bestuurder vereis om toegewyd te wees aan sy ander bestuursaktiwiteite, naamlik leierskap, kommunikasie, motivering, delegeer, koördinering, besluitneming en die handhawing van dissipline.

## Praktiese implikasies

Sterk interne leierskap vanaf bestuur is nodig om die proses van implementering te dryf en beter metodes vir die uitvoering van planne moet voortdurend gesoek word. Bestuurders moet die leiding neem in die implementering van die proses, nie deur dit alles self te doen nie, maar deur die aktivering van sy werknemers. Om werknemers te aktiveer, moet hulle gemotiveer word. Bestuur moet mense beweeg om te doen wat hulle moet doen na die beste van hul vermoë. Tydens die proses van implementering moet die nodige leiding deur bestuur verskaf word, dit help om mense te aktiveer.

Goeie kommunikasie is van die uiterste belang om 'n sukses te maak van die implementering van beoogde planne. Instruksies moet duidelik en presies wees. Almal wat betrokke is by 'n spesifieke implementeringsproses moet weet wie moet wat doen, wanneer, op watter standaard en waarheen hulle op pad is.

Tydens implementering is delegering belangrik. Die bestuurder kan nie alles self doen nie. Die omvang van die delegering sal hoofsaaklik bepaal word deur die grootte van die besigheid en/of die spesifieke taak. Dit sal ook afhang van die vraag of bestuur meer aktief betrokke wil wees by die proses van implementering en of hulle op die kantlyn wil staan en optree in 'n adviserende hoedanigheid.

Dit is belangrik om aandag te skenk aan behoorlike koördinering tussen afdelings. Die ratte van die besigheid moet glad verloop om implementering suksesvol te maak. Indien koördinering gekniehalter word, sal dit tyd en geld mors. Onthou inkomste - uitgawes = wins of 'n verlies. Uit ons voorbeeld sal die uitvoering van die taak vertraag word indien die

PULA IMVULA

*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

GRAAN SA
Posbus 88, Bothaville, 9660
(056) 515-2145
www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER
***Jane McPherson***
082 854 7171

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING
***Willie Kotzé***
082 535 5250

SPESIALIS: VELDDIENSTE
***Danie van den Berg***
071 675 5497

VERSPREIDING: PULA-IMVULA
***Debbie Boshoff***
(056) 515-0947

PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS
***Daan Bosman***
Mpumalanga (Bronkhorstspruit)
082 579 1124

***Johan Kriel***
Vrystaat (Ladybrand)
079 497 4294

***Tonie Loots***
Noordwes (Zeerust)
083 702 1265

***Jerry Mthombothi***
Mpumalanga (Nelspruit)
084 604 0549

***Lawrence Luthango***
Oos-Kaap (Mthatha)
083 389 7308

***Jurie Mentz***
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
082 354 5749

***Ian Househam***
Oos-Kaap (Kokstad)
078 791 1004

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
***Infoworks***
(018) 468-2716
www.infoworks.biz

infoworks
Your ideas can fly

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:
***Afrikaans,***
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

*Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.*

# Implementeer jou planne effektief

doseringmiddels vir die kalwers nie beskikbaar is die Maandagoggend nie.

In die praktyk is dit dikwels noodsaaklik dat bestuur besluite vinnig sal neem om implementering glad te laat verloop. Indien 'n trekker 'n pap band het gedurende oestyd, hoe sal die probleem aangespreek word? Gaan 'n ander trekker gebruik word?

Die handhawing van dissipline van werknemers te alle tye is van die uiterste belang om behoorlike implementering te verseker. Is werk wat onder standaard is, aanvaarbaar? Indien swak dissipline nie op 'n behoorlike wyse aangespreek word nie, kan dit implementering van take ernstig in gevaar stel.

## Prioritisering

In die praktyk sal daar gewoonlik meer as een taak wees om aan aandag te gee en onthou dat onvoorsiene gebeure kan plaasvind – veldbrande, jou duur bul wat vassit in die modder in 'n vlei. Uit ervaring weet ons dat nie al die aksies of take op dieselfde tyd aandag kan geniet nie. 'n Besluit moet geneem word watter optrede/take eerste aandag moet geniet – dit is prioritisering.

Take of werk wat 'n impak op die inkomste en/of uitgawes en/of invloed op jou werknemers het, byvoorbeeld as van hulle verwag word om oortyd te werk, moet as belangrik beskou word. Take kan as volg geklassifiseer word:

- Baie belangrik/baie dringend;
- Baie belangrik/minder dringend;
- Minder belangrik/baie dringend; en
- Minder belangrik/minder dringend.

Take of werk van hoë prioriteit kan gesien word as take van groot belang/baie dringend. Hoë prioriteit dui daarop dat die take 'n impak kan hê op die inkomste – indien dit dadelik gedoen word, sal inkomste toeneem – as dit nie gedoen word nie, kan inkomste afneem. En/of dit kan werk wees wat 'n impak op uitgawes het. Indien dit nie gedoen word nie, sal uitgawes toeneem.

Dringendheid hou verband met die tyd wat beskikbaar is vir 'n spesifieke taak – dit moet onmiddellik/vandag gedoen word of dit kan later gedoen word. Terwyl met die oes van 'n gewas besig is en 'n meganiese probleem opduik, sal die herstel van die implement of trekker beskou word as 'n taak van groot belang, hoë prioriteit. Dieselfde met 'n koei wat kalfprobleme ondervind, veral as dit een van jou stoetkoeie is. Liassering in die kantoor word as 'n taak van lae belang/lae dringendheid hanteer, dit kan later gedoen word.

Dit is daarom noodsaaklik en baie belangrik om al die doelwitte van jou besigheid te bereik, om baie deeglik te wees met betrekking tot die implementering van alle beplanning op die vereiste standaard.

**INLIGTING SAAMGESTEL VANUIT DIE BOERDERYBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING**

